



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 12

SEPTEMBER 2019

AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL V3

PUNTE: 100

TYD: 2½ uur



Hierdie vraestel bestaan uit 6 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
AFDELING A: Opstel (50)
AFDELING B: Langer transaksionele teks (30)
AFDELING C: Kort transaksionele teks (20)
2. Beantwoord EEN vraag uit ELKE afdeling.
3. Skryf in die taal wat jy geassesseer word.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Jy moet jou skryfstukke beplan, redigeer en proeflees. Gebruik byvoorbeeld 'n kopkaart of 'n vloiediagram of sleutelwoorde. Doen die beplanning VOORDAT jy die finale produk vir elke afdeling skryf.
6. Alle beplanning moet duidelik aangedui en ingelewer word. Trek 'n streep deur jou beplanning nadat jy die finale produk geskryf het.
7. Beplan jou tyd só:
AFDELING A: 80 minute
AFDELING B: 40 minute
AFDELING C: 30 minute
8. Nommer elke skryfstuk soos wat dit op die vraestel genommer is.
9. Skryf die titel/opskrif boaan elke skryfstuk.
10. Die titel word NIE in aanmerking geneem as die woorde getel word NIE.
11. Skryf netjies en leesbaar.

AFDELING A: OPSTEL**VRAAG 1**

- Skryf 'n opstel van 250–300 woorde oor EEN van die volgende onderwerpe.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

- 1.1 Die pad tot in graad 12 was moeilik, maar dít was die moeite werd. [50]
- 1.2 Daar is nie genoeg geleentheid vir jongmense in Suid-Afrika nie! [50]
- 1.3 Ek hou van selfies. [50]
- 1.4 As die son gaan sak in my woonbuurt ... [50]
- 1.5 Kan daar ooit regtig vrede wees? [50]
- 1.6 Kies EEN van die volgende prente en skryf 'n OPSTEL daaroor. Skryf die vraagnommer (bv. 1.6.1) en die titel van die opstel neer.

LET WEL: Daar moet 'n duidelike verband wees tussen die opstel en die prent wat jy gekies het.


1.6.1



[Bron: www.googleimages.com 2018]

[50]

1.6.2



[Bron: pinterest 2018]

[50]

1.6.3



[Bron: pinterest 2018]

[50]**TOTAAL AFDELING A: 50**

AFDELING B: LANG TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 2**

- Kies EEN onderwerp en skryf 120–150 woorde daaroor.
- Skryf die nommer van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

2.1 VRIENDSKAPLIKE BRIEF

Jy het so pas gehoor dat jy volgende jaar as au pair oorsee kan gaan werk.

Skryf 'n VRIENDSKAPLIKE BRIEF aan jou broer/suster om die goeie nuus met hom/haar te deel en vertel wat alles jy as au pair moet doen. **[30]**

2.2 HULDEBLYK

Julle huishulp is onlangs aan kanker dood. Jy is deur die familie gevra om die huldeblyk by die begrafnis te doen.

Skryf die HULDEBLYK. **[30]**

2.3 RESENSIE

'n Nuwe eetplek het onlangs in julle stad/dorp oopgemaak.

Jy moet 'n resensie vir julle skoolkoerant oor die nuwe eetplek skryf.

Skryf nou die RESENSIE neer. **[30]**

2.4 ONDERHOUD

Jy het aansoek gedoen om by 'n plaaslike kinderhuis vrywillige werk te doen. Die matrone wil 'n onderhoud met jou voer voordat sy jou sal toelaat om daar te kom werk.

Skryf die ONDERHOUD neer. **[30]**

TOTAAL AFDELING B: 30

AFDELING C: KORT TRANSAKSIONELE TEKS**VRAAG 3**

- Kies EEN onderwerp en skryf 80–100 woorde daarvoor.
- Skryf die nommer en die titel van die onderwerp wat jy kies, boaan jou skryfstuk neer.

3.1 PLAKKAAT

Daar het 'n groot brand in julle omgewing uitgebreek en van die mense het hul huise en besittings verloor. Die leerders van julle skool wil graag help deur mense aan te moedig om donasies van klere en kos te skenk.

Ontwerp 'n PLAKKAAT om dit te adverteer.

[20]**3.2 DAGBOEKINSKRYWING**

Jy het verkeerdelik 'n WhatsApp-boodskap aan een van jou vriende gestuur wat vir iemand anders bedoel was. Ongelukkig het jy hierdie vriend in die boodskap genoem en hy/sy het jou daarvoor gekonfronteer.

Maak die volgende TWEE DAGBOEKINSKRYWINGS:

- Die dag toe jy die boodskap gestuur het.
- Die dag toe jou vriend/in jou gekonfronteer het.

[20]**3.3 INSTRUKSIES**

Jy is volgende jaar op pad universiteit toe en jou ouers is van plan om vir jou 'n motor te koop sodat jy vervoer het. Hulle het egter baie duidelike instruksies aangaande die motor en jou gebruik daarvan gegee.

Skryf SEWE (7) INSTRUKSIES neer wat jou ouers jou aangaande die motor gee.

[20]

TOTAAL AFDELING C: 20
GROOTTOTAAL: 100